



# Logix vir Vleisbeeste:


## *Metings & oplossings*

### vir die HELE PRODUKSIESIKLUS

- ▶ DR JAPIE VAN DER WESTHUIZEN, Algemene Bestuurder: SA Stamboek, japie@studbook.co.za

Vleisbeesboere wat aan Logix deelneem maak gebruik van die mees omvattende aantekening- en genetiese evaluasie-stelsels wat wêreldwyd vir Vleisbeestelers beskikbaar is. Voorsiening word gemaak vir elke vlak van aantekening en gebruik, vanaf die telers wat beperk aanteken tot die wat elke detail meet en die resultate daarvan gebruik. Figuur 1 stel die impak van Logix vir vleisbeeste voor tydens die vier seisoene van elke jaar.

Tabelle 1 tot 4 gee die detail wat vervat word in Figuur 1.



**Figuur 1.** Die rol van Logix dienste vir die Vleisbeesboer in 'n produksiejaar.

Elke Vleisbees Stoetboer en Kommersiële Vleisbeesprodusent behoort vooraf bestek op te neem van die hulpbronne wat beskikbaar is, doelwitte stel en besluit hoe die doelwitte bereik gaan word. Logix is die kragtigste hulpmiddel om dit makliker te maak.

**Tabel 1.** Laat Winter en vroeë Lente

<b>Gebeurtenis</b>	<b>Logix dienste bied</b>	<b>Resultaat</b>
Bulveilings en Aankope	Keuses op SABeefBulls.com Vooraf parings toets op SABeefBulls.com Rasspesifieke Veilingskatalogusse Maandelikse BLUP & Genomiese inligting	Korrekte bulkeuse vanuit die hele ras Bereik doelwitte effektief en vinnig Optimale parings Behoud van genetiese diversiteit
Intensiewe bultoetse eindig	Liggaamsmates & Gewigte neem RTU metings Onmiddellike verslae Maandelikse BLUP Genomiese toetse	Groei-doeltreffendheid & Volwassenheidstipe, Manlike vrugbaarheid. Seleksie op onmiddellike resultate en BLUP en/of Genomiese BLUP
Nuwe Geboortes	Volledige aantekening: Internasionale Identifikasie Ras tabelle toepas volgens Grondwet Naspeurbaarheid tov eienaarskap Alle raseienskappe & afwykings Kalf en Koeigewigte Kalwingsgemak	Onmiddellike beskikbaarheid op stelsel BLUP teelwaardes vir geboortegewig, maternaal en kalwingsgemak Kalf/Koei verhouding Volledige rekord van raskenmerke Eienaar-naspeurbaarheid
Jaaroud gewig (vorige jaar geboortes)	Gewigte binne SA bedryfstelsels Onmiddellike verslae vir seleksie Maandelikse BLUP	Onmiddellike seleksie moontlik Gebruik van Jaaroud teelwaardes

**Tabel 2.** Laat Lente en vroeë Somer

<b>Gebeurtenis</b>	<b>Logix dienste bied</b>	<b>Resultaat</b>
Nuwe Geboortes	Volledige aantekening: Internasionale Identifikasie Ras tabelle toepas volgens Grondwet Naspeurbaarheid tov eienaarskap Alle raseienskappe & afwykings Kalf en Koeigewigte Kalwingsgemak	Onmiddellike beskikbaarheid op stelsel BLUP teelwaardes vir geboortegewig, maternaal en kalwingsgemak Kalf/Koei verhouding Volledige rekord van raskenmerke Eienaar-naspeurbaarheid

**Tabel 2.** Laat Lente en vroeë Somer

Gebeurtenis	Logix dienste bied	Resultaat
Finale Vers-seleksie voor eerste paring	Akkurate teelwaardes vir koeiwaarde en subwaardes	Seleksie vir winsgewende vroulike diere
Finale Koei-seleksie	Akkurate teelwaardes vir koeiwaarde, subwaardes en fisiese produksie	Seleksie vir winsgewende vroulike diere Kuddedoeltreffendheid
Paringslyste	Reproduksie-teelwaardes Voorloper van gemaklike geboortekennis Reproduksieverslae	Korrekte seleksie vir vrugbaarheid
Dragtigheid	Aantekening vir reproduksie	Korrekte seleksie vir vrugbaarheid Tydige optrede vir hoër vrugbaarheid

**Tabel 3.** Laat Somer en Herfs

Gebeurtenis	Logix dienste bied	Resultaat
Dragtigheid	Aantekening vir reproduksie	Korrekte seleksie vir vrugbaarheid Tydige optrede vir hoër vrugbaarheid
Voorspeen	Alternatiewe metings op piek melkproduksie	Seleksie vir winsgewende vroulike diere
Speen en Koeigewigte	Akkurate teelwaardes vir koeiwaarde en subwaardes Koeidoeltreffendheid gegrond op BLUP teelwaardes Opsionele aantekening (kondisietelling)	Seleksie vir winsgewende vroulike diere Seleksie vir koeidoeltreffendheid Seleksie vir diere wat in produksiestelsels en omgewing pas Seleksie vir aangepaste diere
Ekstensiewe Bultoetse eindig	Liggaamsmates & Gewigte neem RTU metings Onmiddellike verslae Maandelikse BLUP Genomiese toetse	Groeidoeltreffendheid & Volwassenheidstipe, Manlike vrugbaarheid. Seleksie op onmiddellike resultate en BLUP en/of Genomiese BLUP
18 Maande gewig	Gewigte binne SA bedryfstelsels Onmiddellike verslae vir seleksie Maandelikse BLUP	Seleksie moontlik Jaaroud teelwaardes

**Tabel 4.** Laat Herfs en Winter

Gebeurtenis	Logix dienste bied	Resultaat
18 Maande gewig	Gewigte binne SA bedryfstelsels Onmiddellike verslae vir seleksie Maandelikse BLUP	Onmiddellike seleksie moontlik Gebruik van 18 maande teelwaardes
Speen en Koeigewigte	Akkurate teelwaardes vir koeiwaarde en subwaardes Koeidoeltreffendheid gegrond op BLUP teelwaardes Opsionele aantekening (kondisietelling)	Seleksie vir winsgewende vroulike diere Seleksie vir koei- doeltreffendheid Seleksie vir diere wat in produksiestelsels en omgewing pas Seleksie vir aangepaste diere
Koeiseleksie	Volledige stel teelwaardes vir reproduksie- en produksiedoeltreffendheid Koeiwaardes vir wins per hektaar Maandelikse BLUP Optimale keuses en parings met SABeefBulls.com	Korrekte seleksie van koeie Optimale seleksieplanne en parings Behoud van genetiese diversiteit Tydige aanpassings agv gereelde BLUP Aanwending van Genomiese inligting
Bulseleksie en –aankope	Keuses op SABeefBulls.com Vooraf parings toets op SABeefBulls.com Rasspesifieke veilingskatalogusse Maandelikse BLUP & Genomiese inligting	Korrekte bulkeuse vanuit die hele ras Bereik doelwitte effektief en vinnig Optimale parings Behoud van genetiese diversiteit
Bulgroeitoetse begin	Tegniese adviesdienste Aantekening volgens plaaslike stelsels Maandelikse BLUP – keuse van bulle reg	Optimale keuses vir die regte bulle om te toets en regte toetsmetode

